Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 27 MAART 2014 OM 11:10

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Sneewe en C H Papers.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die tweede hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan is oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 12 Maart 2014 en bied die Speaker geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen om die item ter tafel te lê.

Artikel 34 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 bepaal dat 'n munisipale raad jaarliks sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet hersien ooreenkomstig 'n evaluering van sy prestasiemetings en tot die mate wat veranderde omstandighede dit vereis.

4.1/...

Die veranderinge sedert 30 Mei 2013 soos gelys in die verslag, word verder deur die Uitvoerende Burgemeester toegelig.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming, en word beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig stemme ten gunste daarvan en word aldus –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die vyf Areaplanne as konsepplanne aanvaar word, en dat ‘n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2013 gevolg sal word.

4.2 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2014/2015, 2015/2016 EN 2016/2017 (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2014/15, 2015/16 en 2016/17 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens ‘n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 12 Maart 2014.

Rdh T van Essen beklemtoon dat in ‘n poging om diensterekeninge bekostigbaar te hou en finansiële volhoubaarheid te verseker, daar volstaan is met die 2013/14 meerjarige tariewe, met inbegrip van die verwagte tariewe vir die 2014/15 finansiële jaar, soos goedgekeur op 30 Mei 2013. Hierdie is ook ‘n poging om die geloofwaardigheid van die meerjarige begrotings te verhoog.

In sy voorwoord (aangeheg as Aanhangsel A) word die volgende aanbevelings vir verdere ondersoek gemaak:

- goedkoper en meer spoedwalle;
- die bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste-behuisingsgebiede;
- die aanbring van elektroniese waterbeheerstelsels;
- ‘n vergroeningsprojek vir die Swartland oor die volgende vyf jaar –
    - in alle wyke met befondsing uit die wykstoekennings;
    - opvoeding aan gemeenskap om rommelstrooi te bekamp of te voorkom moet deelgemaak word van vergroeningsprojek;
    - aanplant van ‘n groot aantal bome, in oorleg met gemeenskap oor waar dit aangeplant moet word;
- die instelling van ‘n Swartland Ontwikkelingskomitee wat die volgende moet doen –
    - plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED);
    - opstel van ‘n plan en toesien dat besighede na die Swartland gelok word;
    - toesien oor die estetika van geboue vir alle soorte beplanning en ontwikkelings in die Swartland (privaat persone kan ook op die komitee dien);
    - toesien dat volhoubare ontwikkeling – waar die mens, ekonomie en omgewing streng in ag geneem word – bevorder word;
- ondersoek na die onderhoud van paaie om sekere paaie se leeftyd te rek deur die gebruik van alternatiewe herseelmetodes, byvoorbeeld “*diluted emulsion”* te spuit, of ‘n *“slurry”* toe te pas, insluitend *“crack filling”*;
- om vir die volgende vyf jaar die herseel van paaie jaarliks weer in die kapitaalbegroting in te sluit;
- die aanbring van “Welkom in die Swartland”-borde op alle belangrike grense of roetes, waar moontlik;
- die dringende afhandeling van die oordrag van eiendomme wat nog in die naam van die Munisipaliteit geregistreer is aan die huidige bewoners, ten einde die transportakte aan eienaars te kan oorhandig.

Nadat die Speaker geleentheid gee vir vrae, noem rdl A C Sedeman, onder andere, dat die Raad meganismes in plek sal moet stel om, inaggenome die algemene verhoging van 7% in dienstegelde, die uitstaande skulde te beperk.

Rdl F S Humphreys/…

4.2/...

Rdl F S Humphreys (namens die ANC) bedank die Uitvoerende Burgemeester vir die voorlegging, en wys op ‘n aantal kwelpunte wat deur die Munisipale Bestuurder beantwoord word.

Rdl F S Humphreys versoek verder dat die volgende aspekte ondersoek word:

- dat met die opgradering van begraafplase, met verwysing na die omheining van die Darling Begraafplaas, daar ook voorsiening gemaak word vir die beskikbaarheid van water en toiletfasiliteite;
- dat die name van strate wat geïdentifiseer is om herbou te word (soos vervat in die voorlegging van die Uitvoerende Burgemeester) deurgegee sal word;
- dat die publieke vervoer, sowel as die munisipale geboue meer toeganklik gemaak moet word vir gestremde persone.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig stemme ten gunste daarvan.

EENPARIGE BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die Raad die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, onderskeidelik ten bedrae van:

				Histories:	**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2013/2014**	**R 83 479 509**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting:		**2013/2014**	**R**	**R 91 530 588**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**R 77 096 971**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 67 955 487**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2016/2017**	**R**	**R 63 338 874**
(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Totale Inkomste	**:**	**2013/2014**	**R 466 847 737**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:		**2013/2014**	**R**	**R 490 710 737**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 476 466 231**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 518 777 328**
		:	**2016/2017**	**R**	**R 547 574 094**
	Uitgawe	**:**	**2013/2014**	**R 478 880 932**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting		**2013/2014**	**R**	**R 495 083 772**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 508 578 210**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 549 769 015**
		:	**2016/2017**	**R**	**R 595 781 239**
	Surplus/Verskil (ontbondeling)				
	i.t.v. GRAP	**:**	**2013/2014**	**-R 12 033 195**	**R**
	Aansuiweringsbegroting:		**2013/2014**	**R**	**-R 4 373 034**
		:	**2014/2015**	**R**	**-R 32 111 979**
		:	**2015/2016**	**R**	**-R 30 991 687**
		:	**2016/2017**	**R**	**-R 48 207 145**

(b) Dat kennis geneem word dat die begrotingsbedrae nie as finaal aanvaar kan word nie, aangesien publieke insette nog gedurende April 2014 gelewer kan word, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde effek wat die tariefverhogings op ‘n huishouding sal hê nie;

(c) Dat kennis geneem word dat die voorgestelde elektrisiteitstariewe soos voorgeskryf deur NERSA aan lg. op 4 Februarie 2014 vir goedkeuring voorgelê was, en dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste hierna die navrae van NERSA hanteer het in ‘n poging om die voorgestelde tariefaanpassings te motiveer en, waar nodig, die betrokke tariefaansoek te wysig;

(d) Dat die Raad derhalwe, met verwysing na paragraaf (c), die voorgestelde elektrisiteitstariewe vir die 2014/2015 finansiële jaar goedkeur, gedagtig daaraan dat dit steeds onderhewig is aan NERSA se finale goedkeuring;

(e) Dat die konsep kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2014/2015 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –

4.2(e)/...

(i) Belastings;
(ii) Tariewe;
(iii) Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
(iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, naamlik:
- Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg as bylaag tot die toepaslike verordening);
- Tariefbeleid (gewysigde beleid aangeheg as bylaag tot die toepaslike verordening);
- Eiendomsbelastingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg as bylaag tot die toepaslike verordening);
- Voorsieningskanaalbestuursbeleid (gewysigde beleid word in Mei via UBK voorgelê);
- Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid (word in Mei via UBK voorgelê)

(v) Besonderhede ten aansien van beleggings (aangeheg)
(vi) Toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan;

(f) Dat die volgende konsep verordeninge – met inbegrip van die toepaslike konsep beleide – soos vervat in die bylae, wat onder aparte omslag gesirkuleer is, in beginsel goedgekeur word en saam met die begrotingsdokumente vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste, naamlik:
- Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening en –beleid;
- Tariefverordeninge en –beleid;
- Eiendomsbelastingsverordeninge en –beleid;

(g) Dat kennis geneem word dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(h) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(i) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes, wat soos volg bedra:
- ten aansien van alle werknemers, uitgesluit die Munisipale Bestuurders en artikel 56-aanstellings, ‘n verhoging gebaseer op die VPI van 5.7% plus 1%, d.w.s. ‘n 6,7% aanpassing vir 2014/15, ‘n 6% aanpassing vir 2015/2016 en ‘n verwagte aanpassing van 6% vir 2016/2017;
- ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op ‘n markverwante verhoging wat jaarliks deur ‘n professionele konsultant (*P E Corporate Services*) bepaal word, ten aansien van die 2014/15 finansiële jaar die volgende aanpassings: Munisipale Bestuurder - 6.18%, Direkteur: Finansiële Dienste - 8.61%, Direkteur: Korporatiewe Dienste - 7.98%, Direkteur: Siviele Ingenieursdienste - 7.93%, Direkteur: Beskermingsdienste - 7.93%, Direkteur: Ontwikkelingsdienste - 7.93% en Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste - 7.93%;

(j) Dat, in 'n poging om diensterekeninge bekostigbaar te hou en finansiële volhoubaarheid te verseker, asook om die geloofwaardigheid van die meerjarige begrotings te verhoog, die Raad (op aanbeveling van die Hoof Finansiële Beampte) volstaan met die 2013/2014 meerjarige tariewe, met inbegrip van die verwagte tariewe vir die 2014/2015 finansiële jaar, soos goedgekeur op 30 Mei 2013, waaruit volg dat ‘n gemiddelde verhoging van ongeveer 7% vir die 2014/15 finansiële jaar op huishoudings van toepassing sal wees;

(k) Dat daar **met groot kommer** kennis geneem word van die tekorte in die bedryfsbegroting, asook van die volgende kommerwekkende faktore met verwysing na die ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende vier finansiële jare:
- die risikofaktor/…

4.2(k)/...

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes wat in jaar 4 en jaar 5 laer daal as die norm wat tussen 4 en 2 behoort te wees;
- die verwagte bedryfstekorte vir 2014/15, 2015/16 en 2016/17 wat onderskeidelik -R 32 111 979, -R 30 991 687 en -R 48 207 145 sal beloop;

(l) Dat kennis geneem word van die behoefte om CK41806, die vullisvragmotor wat tydens 'n ongeluk op 24 Februarie 2014 ernstig beskadig is en na verwagting deur die versekeringsmaatskappy afgeskryf sal word, onmiddellik te vervang, en daar gevolglik óf in die huidige finansiële jaar, óf in die 2014/2015 finansiële jaar, afhangende van die afleweringsdatum, vir die vervangingswaarde ten bedrae van ongeveer R2 miljoen voorsiening gemaak sal moet word;

(m) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotings-dokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Provinsiale- en Nasionale Tesourie;

(n) Dat kennis geneem word van die voorwoord (hierby aangeheg as Aanhangsel A) van die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en dat die algemene aanbevelings daarin vervat, na die bestuurspan verwys word vir verdere aandag.

4.3 VOORLOPIGE 2014/2015 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2014/2015 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Artikel 53 van die MFMA bepaal dat die SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei. Nieteenstaande voormelde wetlike vereiste, is 'n omsendskrywe (Mun Nr. 2/2013) vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang waarin die Munisipale Bestuurder versoek word om 'n konsep SDBIP reeds in Maart saam met die wetlik-vereiste begrotingsdokumente aan die Raad voor te lê wat sal bydra tot 'n meer sinvolle beoordeling van die begroting.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met een-en- twintig stemme ten gunste daarvan.

EENPARIGE BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aangehegte 2014/2015 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) as 'n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

4.4 SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI's) EN TEIKENS VIR 2014/2015 (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuurregulasies, 2011 bepaal dat 'n munisipaliteit sy sleutelprestasie-aanwysers jaarliks moet hersien. Die regulasies bepaal verder dat wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so 'n wysiging geraak word, dienooreenkomstig moet aanpas.

EENPARIGE BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens as konsep goedgekeur word vir die doeleindes van publieke insette en kommentaar;

(b) Dat die KPI's en teikens saam met die konsep hersiening van die GOP geadverteer word in April 2014.

4.5 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2012/2013 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2012/2013 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA op 30 Januarie 2014 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

4.5/...

Die voorsitter van die munisipale publieke rekeninge komitee (MPAC), rdl Y S Cox-Bruintjies bevestig dat die komitee op 7 Maart 2014 vergader het ten einde 'n Oorsigverslag saam te stel, soos gesirkuleer met die sakelys.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig raadslede ten gunste daarvan.

EENPARIGE BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2012/2013 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2012/2013 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2012/2013 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

GETEKEN:
SPEAKER